**23 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 12:1-8**
**Fokusgedeelte: Johannes 12:7**

## Gesalf vir sy begrafnis

Nadat Jesus Lasarus uit die dood opgewek het, het die Joodse Raad besluit om Jesus dood te maak (Joh 11:45-57). In ons gelese Skrifgedeelte kry ons egter ’n totaal ander reaksie op die daad van Jesus: Maria salf Jesus se voete met ’n halfliter egte, baie duur nardusolie. Daarmee wys sy dat sy niks terughou nie. Die salwing is ’n teken van totale toewyding en oorgawe aan Jesus. Dit is ook ’n nederige daad: Sy salf sy voete, nie sy hoof nie. Belangrik is die betekenis wat Jesus daaraan gee (vs 7): “Sy moes dit hou vir hierdie dag om my te salf vir my begrafnis.” Maria salf Hom omdat Hy Lasarus uit die dood opgewek het, maar Jesus koppel dit aan sy eie dood.

Jesus was nie maar net ’n doener van wonderwerke nie – sy wonders was tekens. Die tekens wys juis na Jesus, die Seun van God, wat die sonde van die wêreld kom dra het.

*Sing: Skrifberyming 5-4:2-6*

*Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*